

16 November

Skrifgedeelte: Handeling 19:11-20
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Kenmerke van die ware lidmaat – geloof in Jesus Christus

In ons Skrifgedeelte sien ons sewe gehawende teologiese studente kaal wegvlug. (“Seuns van Skeva” in vers 14 kan ook met “leerlinge van Skeva” vertaal word.) Hulle het Jesus se Naam as toorspreuk probeer gebruik. Sonder ’n persoonlike verhouding met Jesus wou hulle in die naam van “Paulus se Jesus” bese geeste verdryf (vers 13). Ironies gebeur die teenoorgestelde; die bese gees verdryf hulle (vers 16).

Hoe gevaarlik is dit dus om in jou lewe van Jesus te praat of oor Hom te dink as “daardie Jesus”; “Paulus se Jesus”, of “die dominee se Jesus”, of die “Jesus van die kerk”, of “die Jesus van die katekisasieklas”! Is Jesus vir jou ook meer as ’n handige hulpmiddel, ’n formule, ’n manier om deur die dag te kom of ’n beswering teen magte waarvan jy maar min verstaan?

Hoe MAGTELOOS is ’n kerk waar die lidmate nie ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie! So ’n kerk stuur op ’n verleentheid af. Dit gaan in die krisis van hierdie wêreld ’n drag slaie op die lyf loop en kaal daarvan afkom! Is die wêreld vandag miskien minder begeesterd?

Soos in Efese moet vrees ons almal oorval en moet ons ons indringend afvra hoe ons verhouding met Jesus Christus daar uitsien (vers 17). Ons kan dit nie meer bekostig om te praat of te dink in die trant van “daardie Jesus” nie. Hy moet vir ons **HIERDIE** Jesus, **MY** Jesus wees! Soos die gelowiges van Efese moet ons een vir een met woord en daad opnuut ons geloof in Jesus Christus alleen bely (vers 18-19). Só sal dit blyk dat ons ware lidmate van die ware kerk is, en sal die Woord van God met krag al verder versprei (vers 20).

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)